

**DIE KAAPSE SLAWE  
IN KULTUURHISTORIESE  
PERSPEKTIEF  
1652 - 1838**

deur

**EUNICE MARIETHA BAUERMEESTER**

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM (KULTUURGESKIEDENIS)

in die

**Fakulteit Geesteswetenskappe**

**Universiteit van Pretoria**

**2002**

**Leier: Prof. O.J.O. Ferreira**

## INHOUD

<b>ILLUSTRASIES</b> .....	1
<b>AFKORTINGS</b> .....	10
<b>VRYETAAL SLEUTELTERME</b> .....	11
<b>VOORWOORD</b> .....	14
<b>HOOFSTUK I - DIE KOMS VAN SLAWE NA DIE KAAP</b> .....	23
<b>Historiese agtergrond</b> .....	23
1. <i>Die algemene siening van slawerny van die sestiende tot negentiende eeu</i> ....	23
2. <i>Nederlandse handelsbetrokkenheid in Oos-Indië</i> .....	25
3. <i>Stigting van 'n verversingspos aan die Kaap die Goeie Hoop</i> .....	28
4. <i>Die keuse van slawe as oplossing vir die arbeidsprobleem</i> .....	29
<b>Wyses waarop slawe na die Kaap gekom het</b> .....	34
1. <i>Kompanjiegeborgde slawe-ekspedisies</i> .....	34
2. <i>Verstekelinge op skepe</i> .....	35
3. <i>Geskenke aan die kommandeursgesin deur besoekers en vriende</i> .....	35
4. <i>Buit van vreemde slaweskepe</i> .....	36
5. <i>Stranding van skepe</i> .....	36
6. <i>Verkoop van slawe op retoervlote van Oos-Indië na Nederland</i> .....	37
7. <i>Buitelandse slawehandelaars</i> .....	38
<b>Herkoms van die Kaapse slawe</b> .....	40
1. <i>Afrika, Madagaskar en nabygeleë eilande</i> .....	40
2. <i>Indiese subkontinent en Ceylon (Sri Lanka)</i> .....	46
3. <i>Indonesiese Argipel en nabygeleë eilande</i> .....	48
4. <i>Suid-China, Suidoos-Asië, Filippyne en Japan</i> .....	51
5. <i>Kaapsgebore slawe</i> .....	53
<b>HOOFSTUK II - 'N NUWE LEWE AS ONVRY VREEMDELINGE: AANKOMS EN VESTIGING</b> .....	57
<b>Die eerste slawe aan die Kaap</b> .....	57
<b>Prosedures na aankoms by die Kaap</b> .....	62
<b>Naamgewing</b> .....	64
<b>Die plaaslike slawemark</b> .....	70

Vestiging binne streke .....	83
1. <i>Die stedelike gebied met Kaapstad as middelpunt</i> .....	85
2. <i>Die landelike akkerboustreke van die Suidwes-Kaap</i> .....	94
3. <i>Die afgeleë veeboerstreke van die binneland</i> .....	105
<b>HOOFSTUK III - FISIESE LEWENSWYSE EN -VORME: BEHANDELING EN LEWENSONDERHOUD</b> .....	114
Algemene behandeling .....	114
Fisiese versorging .....	126
1. <i>Huisvesting</i> .....	126
2. <i>Voedsel</i> .....	139
3. <i>Kleding</i> .....	147
4. <i>Medies</i> .....	156
<b>HOOFSTUK IV - GEESTELIKE LEWENSWYSE EN -VORME: BEHOEFTEVOORSIENING EN MANIFESTASIES</b> .....	166
Onderwys en opleiding .....	166
Godsdiens .....	178
Sosiale en kulturele lewensvorme .....	204
1. <i>Verhoudings, verbintenisse en huwelike</i> .....	204
2. <i>Die slawekind: geboorte, doop en status</i> .....	217
3. <i>Vryetydsbesteding: tydverdrywe, ontspanningsaktiwiteite en vermake</i> .....	227
4. <i>Feesdae en -gebruike</i> .....	236
5. <i>Dood en begrafnis</i> .....	244
Huishoudelike en amptelike dissipline .....	249
Vrystelling en vrygesteldes .....	268
<b>HOOFSTUK V - SLAWEARBEID, BOUSTEEN IN DIE KAAPSE KULTUUR</b> .....	285
Afhanklikheid van slawearbeid .....	285
Stereotipering ten opsigte van arbeid .....	286
Arbeidsfere en -sektore .....	288
1. <i>Slawearbeid in stedelike gebied</i> .....	288
<i>a. Kompanjie- of regeringslawe</i> .....	288
<i>b. Privaatslawe</i> .....	304
2. <i>Slawearbeid op die akkerbouplase van die Suidwes-Kaap</i> .....	379
3. <i>Slawearbeid op die afgeleë binnelandse plase</i> .....	408

<b>HOOFSTUK VI - BYDRAE VAN DIE KAAPSE SLAWE TOT ASPEKTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE KULTUUR, 1652 - 1838 ..</b>	430
<b>Die akkulturasieproses .....</b>	430
<b>Medegrondeleggers van die Afrikaanse taal .....</b>	436
<b>Skeppers van 'n Kaapse kooktradisie .....</b>	472
<b>Musiekmakers en -skeppers .....</b>	519
<b>Medebouers aan 'n inheemse Kaapse boukuns .....</b>	542
<b>Medeskeppers van 'n eiesoortige Kaapse meubelboukuns .....</b>	583
<b>Rolspelers in die totstandkoming van unieke kulturele gebruike binne die Kaapse Moslemgemeenskap .....</b>	589
<b>HOOFSTUK VII - NAWOORD: KAAPSE SLAWERNY, 'N BELANGRIKE HOOFSTUK IN DIE SUID-AFRIKAANSE KULTUUR- GESKIEDENIS .....</b>	595
<b>BRONNE .....</b>	602
<b>OPSOMMING .....</b>	624
<b>SUMMARY .....</b>	626

## ILLUSTRASIES

Fig. 1	Kaart van Afrika, Madagaskar en nabygeleë eilande as herkomsgebiede ..	39
Fig. 2	Kaart van die Oosterse herkomsgebiede van Kaapse slawe .....	45
Fig. 3	‘n Kaapsgebore slawemeisie, volgens lady Anne Barnard .....	52
Fig. 4	‘n Kaapsgebore slaaf, volgens lady Anne Barnard .....	52
Fig. 5	Anna de Koningh .....	58
Fig. 6	<i>Le Jardin</i> , woning van Francois Duminy .....	63
Fig. 7	Kwitansie van onder meer ‘n slavin en haar twee kinders wat in 1776 op ‘n openbare veiling aangekoop is .....	69
Fig. 8	‘n Kaapse slaweveiling in 1824 .....	79
Fig. 9	Registrasie-dokument van ‘n slawe-oordrag .....	81
Fig. 10	Plan van Kaapstad in 1767 .....	84
Fig. 11	Gravure (1830) van ‘n plan van Kaapstad in 1827 .....	86
Fig. 12	Kaart van die Suidwes-Kaapse akkerboustreek .....	93
Fig. 13	Constantia in 1710, volgens E.V. Stade .....	96
Fig. 14	Constantia in 1741, volgens J.W. Heydt .....	96
Fig. 15 a	Vergelegen in 1707, volgens J.V. Thiel .....	98
Fig. 15 b	Uitleg van Vergelegen, soos deur D. Fairbridge uiteengesit .....	98
Fig. 16	Elsenburg, volgens J.C. Poortermans .....	99
Fig. 17	Meerlust-plaasopstal, volgens J.C. Friderici in 1798 .....	101
Fig. 18	‘n Kaapse koring, wyn en veepaas, volgens R.J. Gordon .....	103
Fig. 19	Kweekvallei, volgens R.J. Gordon .....	108
Fig. 20	Tydlike <i>legplaats</i> van veldkornet Gerrit Snyman in die Roggeveld-Karoo, volgens William Burchell .....	111
Fig. 21	Plan van die Kompanjieslawelosie .....	129

Fig. 22	Die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum, Kaapstad .....	131
Fig. 23	Plan van die Koopmans De Wet-huis, Kaapstad .....	133
Fig. 24	Suidelike aansig van die Meerlust-plaasopstal in 1798, volgens J.C. Friderici .....	135
Fig. 25	Die slawekwartiere op Vergelegen in 1707, volgens J.V. Thiel .....	135
Fig. 26	Die Libertas-slawekwartiere .....	137
Fig. 27	'n Livreislaaf met gepoeierde pruik .....	151
Fig. 28	'n Kaalvoet slaaf, volgens Charles Bisset .....	153
Fig. 29	Kaptein Hendrik Peter Storm, bevelvoerder van die Kaapse garnisoen met sy gesin en slawe .....	153
Fig. 30	'n Brief van die slaaf Oepas in die Boeginese taal .....	161
Fig. 31	Uittreksel uit die dagregister van Jan van Riebeeck, 17 April 1658 .....	167
Fig. 32	Graf van Sjeg Joesoef te Zandvliet, Faure .....	190
Fig. 33	<i>M'arifatul Islámi wal Imái</i> deur Tuan Guru .....	192
Fig. 34	Die Auwal-moskee in Dorpstraat, Kaapstad .....	195
Fig. 35	Die Palmboom- of Dadelboom-moskee in Langstraat, Kaapstad .....	197
Fig. 36	Slawekerkie op die plaas De Nieuwe Plantatie, Paarl .....	202
Fig. 37	Die Meerlust-duiwehuis .....	230
Fig. 38	Slawedans, volgens sir Charles D'Oyly .....	234
Fig. 39	Sondaguitstappie met 'n gehuurde wa, volgens D'Oyly .....	235
Fig. 40	Vertaalde fragment van die <i>Ruwayats</i> deur Achmat Davids .....	240
Fig. 41	Die Tana Baru-begraafplaas aan die bo-punt van Langmarkstraat, Kaapstad .....	245
Fig. 42	Groentemarkplein, Kaapstad, volgens Johannes Rach .....	252
Fig. 43	'n Kaapse slaaf ontvang lyfstraf .....	255
Fig. 44	Dokumentêre bewys van 'n vryslavin wat haar man vrygekoop het .....	273

Fig. 45	Plan van die Kompanjiestuin, Kaapstad, volgens Peter Kolbe .....	292
Fig. 46	Mentor, die Tafelberg-gids, volgens lady Anne Barnard .....	296
Fig. 47	Die Kaapse laksman, volgens lady Anne Barnard .....	298
Fig. 48	Die onderkok in die Kaapse huishouding van lady Anne Barnard .....	302
Fig. 49	Die Roggebaaise vismark aan die mond van die Varsrivier, volgens sir Charles D'Oyly .....	306
Fig. 50	Groentemarkplein, volgens D'Oyly .....	306
Fig. 51	Waterhaler, volgens D'Oyly .....	307
Fig. 52	Kaalvoet waterdraers, volgens D'Oyly .....	307
Fig. 53	Slawe wat 'n swaar watervaatjie dra .....	308
Fig. 54	Waterhalers by die pomp aan die bo-punt van die Heerengracht .....	308
Fig. 55	Die Hurling-swaaipomp in Prinsstraat, volgens J.F. Cromfield .....	309
Fig. 56	Plesierige bodes, volgens sir Charles D'Oyly .....	311
Fig. 57	Brandhouthalers, volgens H.C. de Meillon .....	314
Fig. 58	Slaaf met 'n wavrag brandhout vanaf die platteland, volgens D'Oyly .....	314
Fig. 59	Wasgoedslavin, volgens D'Oyly .....	314
Fig. 60	Wasgoedslavinne by Platteklip, hoër op teen die voet van Tafelberg, volgens D'Oyly .....	316
Fig. 61	Die "klipslaan"-wasm metode, volgens H.C. de Meillon .....	316
Fig. 62	Wasgoedslavinne besig met die gewelddadige Kaapse was metode, volgens D'Oyly .....	317
Fig. 63	Wasgoedslavinne, volgens J.C. Poortermans .....	317
Fig. 64	'n Kaapse koets met agt perde, volgens lady Anne Barnard .....	319
Fig. 65	Slawebediendes saam met 'n Kaapse gesin op 'n uitstappie in die Heerengracht, volgens D'Oyly .....	321
Fig. 66	Sedanstoeldraers op Groentemarkplein, volgens Rach .....	321
Fig. 67	Sambreeldraerslaaf van juffrou Van Kerwel, 1740, waarskynlik volgens	

	J. Leeuwenberg .....	323
Fig. 68	Naaldwerkslavin, volgens lady Anne Barnard .....	327
Fig. 69	Soogslavin, volgens lady Anne Barnard .....	331
Fig. 70	Slawekinderbediende, volgens D'Oyly .....	331
Fig. 71	Slawekinderbediende op 'n uitstappie met die telge van haar meester, volgens De Meillon .....	331
Fig. 72	Slawetoesig tydens kindervermaak op 'n bok, volgens D'Oyly .....	333
Fig. 73	'n Uitstappie te perd met die kinders van die eenaar, volgens D'Oyly .....	333
Fig. 74	Slawelyfbediende wat haar meesteres na die kerk volg, volgens De Meillon .....	339
Fig. 75	Slavin wat haar meester met 'n drankie bedien .....	340
Fig. 76	Panorama van Kaapstad in 1777, volgens Johannes Schumacher .....	343
Fig. 77	Beeswagterslaaf, volgens D'Oyly .....	345
Fig. 78	Beeswagterslaaf, volgens De Meillon .....	345
Fig. 79	Slawe besig om volgens die Kaapse klei-en-water metode te bou, volgens lady Anne Barnard .....	356
Fig. 80	Twee Kaapse vrugteverkopers, volgens De Meillon .....	365
Fig. 81	'n Straatventer met juk en mandjies op Stalplein, volgens De Meillon .....	365
Fig. 82	Rustende vrugte-en-groenteverkopers in die buitewyke van Kaapstad .....	366
Fig. 83	Straatventer in Strandstraat, Kaapstad, volgens W.J. Burchell .....	366
Fig. 84	Sir Charles D'Oyly besig om met 'n vrugteverkoper te kibbel .....	366
Fig. 85	Kaalvoet melkverkoper, volgens D'Oyly .....	368
Fig. 86	Melkverkoper, volgens De Meillon .....	368
Fig. 87	Kaapse visventers, volgens De Meillon .....	369
Fig. 88	Maleiervisventers, volgens D'Oyly .....	369
Fig. 89	John Klipvis, die Maleiervisventer, volgens J.C. Poortermans .....	370



Fig. 90	Verkoper van banketgebak, volgens De Meillon .....	370
Fig. 91	Gebakverkoper met sy handkarretjie, volgens De Meillon .....	371
Fig. 92	Watersmous, volgens D'Oyly .....	371
Fig. 93	Dranksmous met 'n wa vol Kaapse mout, volgens D'Oyly .....	372
Fig. 94	Maleierslaaf wat mandjies verkoop, volgens D'Oyly .....	372
Fig. 95	'n Materiaalsmous, volgens De Meillon .....	374
Fig. 96	Kaapse slawe besig om te ploeg, volgens Kolbe .....	381
Fig. 97	Ploeëry aan die Kaap .....	381
Fig. 98	Slawe besig om graan te dors .....	384
Fig. 99	Wadrywer- en touleierslaaf in beheer van 'n Kaapse ossewa, volgens D'Oyly .....	386
Fig. 100	Ossewa met sestien osse, touleier en wadrywer met sy lang sweep, volgens De Meillon .....	386
Fig. 101	'n Kaapse wynwa met touleier- en wadrywerslaaf, volgens De Meillon .....	393
Fig. 102	Uitspantyd vir 'n swaargelaaide Stellenbosse wynwa met Maleier- wadrywers en 'n touleierslaaf, volgens Christopher Webb Smith .....	393
Fig. 103	Kaapse wynwa met Maleierwadrywer, volgens D'Oyly .....	393
Fig. 104	Plaasslaaf besig om kerse te maak, volgens lady Anne Barnard .....	398
Fig. 105	Dekoratiewe smee-ysterwerk deur 'n slaaf aan die voordeur van Groote Schuur .....	401
Fig. 106	Veertienman slaweorkes te Bergvliet .....	403
Fig. 107	Hendrik Cloete met 'n livreislaaf .....	405
Fig. 108	Die gewese slavin, Katie Jacobs en twee van haar agter-kleinkinders .....	412
Fig. 109	Kalkoene op pad na die Kaapse mark, volgens lady Anne Barnard .....	414
Fig. 110	'n Kaapse bergpas, volgens Samuel Daniel .....	422
Fig. 111	Kronendal, volgens William Webb Smith .....	452
Fig. 112	Lanzerac .....	452

Fig. 113	Stellenberg .....	453
Fig. 114	Coornhoop .....	453
Fig. 115	Sonquasdrift .....	453
Fig. 116	Oosterse speserye wat in die Kaapse kookkuns neerslag gevind het .....	474
Fig. 117	Koemkwat- en groenmango-atjar .....	477
Fig. 118	Roorissie- en dhuniablatjang .....	479
Fig. 119	Kaapse blatjang .....	481
Fig. 120	Kaapse sambals .....	483
Fig. 121	Bobotie .....	486
Fig. 122	Sosaties op die rooster .....	488
Fig. 123	Kaaps-Maleise kabobs .....	490
Fig. 124	Pienangkerrie .....	490
Fig. 125	Denningvleis .....	492
Fig. 126	Kaaps-Maleise penslawer .....	494
Fig. 127	Tradisionele Kaapse bredies .....	497
Fig. 128	Smoorsnoek .....	500
Fig. 129	Piekelvis .....	501
Fig. 130	Geelrys-met-rosyne .....	505
Fig. 131	Soet saffraanrys .....	506
Fig. 132	Skaapvleisbreyani .....	506
Fig. 133	Groenvye- en waatlemoenkonserf .....	509
Fig. 134	Mebos .....	511
Fig. 135	Melktert .....	513
Fig. 136	Sagopoeding .....	513
Fig. 137	Kolwadjib .....	517

Fig. 138	Wortel-en-ertjiedredie .....	517
Fig. 139	Die Kaaps-Maleise lied <i>Ik heb daar 's dikmaals in dit lange groene straatje</i> .....	523
Fig. 140	Herdenking van <i>Vrystellingsdag</i> , volgens Heinrich Egersdörfer .....	527
Fig. 141	'n Kaaps-Maleise orkessie, volgens Egersdörfer .....	527
Fig. 142	'n Outentieke weergawe van die lirieke van <i>Daar zou er een magertje vroeg opstaan</i> , soos opgeteken deur M.A. Gassiep .....	529
Fig. 143	Die agtiende-eeuse melodie van <i>Daar zou er een magertje vroeg opstaan</i> , volgens Florimond van Duyse .....	531
Fig. 144	Die Kaaps-Maleise lirieke van <i>Twee warige koning kinderen</i> .....	531
Fig. 145	Die Kaaps-Maleise minnatlied, <i>Hoe hard is dit op deze aarde</i> .....	532
Fig. 146	<i>Al is ons prinsje nog so klein</i> .....	532
Fig. 147	'n Kaapse Maleier met 'n <i>ghomma</i> .....	534
Fig. 148	Tegniek waarop die <i>ghomma</i> geslaan word .....	534
Fig. 149	Tipiese ritmiese patrone van die lewendige ghommaliédjie .....	534
Fig. 150	Die Kaaps-Maleise ghommaliédjie, <i>Daar was katta in die kamer</i> .....	535
Fig. 151	Die ghommaliéd, <i>Jan Vilje</i> .....	535
Fig. 152	<i>Eendag kom ek daar verby</i> .....	536
Fig. 153	Die algemeen-Afrikaanse lirieke van <i>Siembamba</i> .....	538
Fig. 154	Kaaps-Maleise weergawe van <i>Siembamba</i> .....	538
Fig. 155	Die Kaaps-Maleise ghommaliéd, <i>Hier en daar 'n doringblaar</i> .....	539
Fig. 156	Kaaps-Maleise moppie, <i>Onder de groene bomen</i> .....	539
Fig. 157	Trapgewels van Noordhoek .....	546
Fig. 158	Stellenberg .....	546
Fig. 159	Kaapse brandweermasjien, 1737 .....	550
Fig. 160	Mevrou Barker se winkel, Kaapstad .....	552

Fig. 161	Variasies van die Kaapse Barok-geïnspireerde gewel .....	552
Fig. 162	Georgiaanse dubbelverdiepinghuis in Kaapstad, volgens De Meillon .....	553
Fig. 163	Die Heerengracht, Kaapstad .....	553
Fig. 164	Koopmans De Wet-huis, Kaapstad .....	554
Fig. 165	Aanvanklike woonhuise op Spier en Krommerivier .....	554
Fig. 166	Plan van die Goede Rust-langhuis .....	557
Fig. 167	Plan van Saxenburg .....	557
Fig. 168	Planne van La Provence en Nederburg .....	559
Fig. 169	Planne van die slawewoning op De Nieuwe Plantatie, Paarl .....	559
Fig. 170	Werfuitleg van Boschendal .....	560
Fig. 171	Werfuitleg van Rhône .....	560
Fig. 172	Werfuitleg van Groot Constantia .....	562
Fig. 173	Werfuitleg van De Nieuwe Plantatie, Paarl .....	562
Fig. 174	Werfuitleg van Libertas .....	563
Fig. 175	Slaweklok op Vergenoegd naby Faure .....	563
Fig. 176	Argitektoniese dimensies van die slaweklok op Meerlust .....	564
Fig. 177	Voorgewel van Hazendal .....	571
Fig. 178	Ornamentele pleisterwerk aan die gewel by Onverwacht in die Wamakersvallei (Wellington) .....	571
Fig. 179	Voorgewel van Bien Donne .....	573
Fig. 180	Detail van ornamentele pleisterwerk aan die voorgewel van Bien Donne .....	573
Fig. 181	Agtergewel van Bien Donne .....	574
Fig. 182	Detail van die agtergewel van Bien Donne .....	574
Fig. 183	Oude Nektar .....	575

Fig. 184	Swierige pleisterwerk aan die soldertrap van die Meerlust-wynkelder .....	576
Fig. 185	Swaar lyswerk van die Vergenoegd-plaasingang .....	576
Fig. 186	Ornamentele pleisterwerk bokant 'n werkswinkelingang by Meerlust .....	578
Fig. 187	Gewels van Onder Vredenburg, Hazendal, Zevenrivieren en Idasvallei .....	579
Fig. 188	Fasade van die Burgerwachthuis in die agtiende eeu .....	581
Fig. 189	Huis in Waalstraat 71, Bo-Kaap – huidiglik die Bo-Kaap Museum .....	582
Fig. 190	Agtiende-eeuse Tulbagh-stoel .....	585
Fig. 191	Bal-en-kloupoot van 'n Kaapse armoire .....	585
Fig. 192	Agtiende-eeuse kabrioolpoottafel .....	586
Fig. 193	'n Kaapse armoire .....	586
Fig. 194	Houtsneewerk aan die kroonlys van 'n Kaapse armoire .....	587

## AFKORTINGS

A.	Accessions
BO.	Archives of the First British Occupation 1795 - 1803
BR.	Argief van die Bataafse Republiek
C.	Archief van Raad van Politie
CJ.	Archief van Raad van Justitie
CO.	Archives of the Public Record Office, London/Colonial Office : Cape of Good Hope
G.	Gemeentelike stukke, Nederduitse Gereformeerde Kerk Argiefbewaarplek, Kaapstad
GNG	Glasnegatief in fotoversameling, Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad
INIL	Indeks van Illustrasies, Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad
K.A.B.	Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad
M.	Morrison-fotoversameling, Kaapse Argiefbewaarplek
MOOC.	Argief van die Weeskamer
SO.	Archives of the Slave Office
1/STB	Landdros en Heemrade van Stellenbosch
VC.	Archives of Verbatim Copies
1/WOC	Worcester-argief

## VRYETAAL SLEUTELTERME

<b>aia</b>	Vroulike kinderbediende.
<b>amok-hardloop</b>	Waansinnige en gewelddadige wraaktog van 'n verontregte slaaf.
<b>baster-hottentot</b>	Vry persoon van gemengde afkoms – die produk van 'n gebonde slawevader en vry Khoikhoimoeder of die produk van 'n Blanke-Khoikhoiverbintenis.
<b>binnemoeders</b>	Slawevrouens wat as opsigters oor Kompanjie-slavinne in die slawelosie aangestel is.
<b>fiskaal</b>	Kompanjiesamptenaar, tweede in bevel naas die kommandeur, en in beheer van die slawe se welsyn, ook die openbare vervolger en hoof van die polisie.
<b>gulden (f)</b>	Nederlandse rekenmunt, verdeel in 100 sente; ook 1 gulden = 16 stuiwers volgens die sogenaamde Indiese waarde. In Nederland was die gulden 20 stuiwers werd.
<b>halfslag</b>	Persoon van half-Europese afkoms, met ander woorde een van die ouers is 'n Europeër.
<b>heelslag</b>	Persoon van nie-Europese afkoms; 'n volbloed persoon.
<b>Heeren XVII</b>	Die sewentien direkteure van die Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC), 'n sewentiende-eeuse Nederlandse handelsmaatskappy.
<b>kaffer</b>	'n Kompanjieslaaf van Oosterse afkoms, wat as die assistent van die fiskaal, gemoeid was met wetstoepassing, met ander woorde 'n polisieslaaf.
<b>knecht</b>	Werknemer van die Kompanjie wat aan die Kaapse burgers uitverhuur is om, veral as opsigter of voorman, diens te verrig.
<b>koeliegeld</b>	Geld wat 'n slaaf in Kaapstad op 'n voltydse onafhanklike basis deur kleinhandelsverkope of die lewering van 'n diens verdien het en

waarvan 'n voorafvasgestelde deel op 'n gereelde basis aan die eienaar oorbetaal moes word.

**kreolisering**

Proses waardeur 'n aanvanklik uitheemse groep of kultuur in 'n nuwe geografiese gebied "verinheems" of "verplaaslik" om as 'n nuwe dominante kultuur in aangepaste vorm na vore te tree. Ook die proses waardeur 'n slawegemeenskap deur geboorte "verplaaslik".

**kwartslag**

Persoon van kwart-Europese afkoms, ook *kasties* genoem. Veral op Batavia van toepassing, waar die ouers 'n Europese vader en Oosterse moeder impliseer.

**legger**

'n Vat wyn met 'n inhoudsmaat van 692 liter.

**Maleier**

Oorspronklik 'n slaaf afkomstig van die Indonesiese Argipel wat ook 'n Moslem *kan* wees.

**mandoor**

Manlike slaaf wat as opsigter oor ander slawe aangestel is.

**mesties**

Halfbloed persoon, van gemengde afkoms.

**morg**

Landmaat met die ekwivalent van 2,25 akker.

**mulat**

'n Plaaslik gebore slaaf met Oosterse en Europese bloed.

**mud**

Inhoudsmaat vir koring en ander graangewasse met die ekwivalent van 54 kilogram (een sak of agt emmers).

**officier jongen**

Manlike offisierslaaf in die losie.

**onderbaas**

Voormanslaaf wat oor ander slawe aangestel is.

**ondermeesteres**

Slavin in beheer van jonger slavinne in die losie.

**plakkaat**

'n Edik.

**pryslawe/prysnegers**

Onwettige slawe wat, ná die afskaffing van die slawehandel in 1808, deur die koninklike vloot



	<p>van slawevaarders ter see buitgemaak, na die Kaap gebring en as verowerde “pryse” aan die Britse Kroon verbeurd verklaar is. Hulle is vir veertien jaar as vakleerlinge aan verskeie eienaars toegewys, waartydens hulle vir vryburgerskap voorberei is.</p>
<b>reaal</b>	<p>Spaanse muntstuk wat ‘n besonder gewilde betaalmiddel in die vroeëre Portugese en Nederlandse koloniale slawehandel was.</p>
<b>rikdaalder (Rds.)</b>	<p>Nederlandse geldeenheid ter waarde van 2,5 guldens; ‘n rekenmunt waarvolgens 1 Rds. = 48 stuiwers in die Indiese sowel as Nederlandse waarde was. In 1795 was ‘n rikdaalder vier sjielings werd, waarna dit as “riksdollar” bekend gestaan het.</p>
<b>toponiem</b>	<p>Deel van naam wat plek van herkoms aandui – veral gewild by slawenaamgewing aan die Kaap.</p>
<b>vryburger</b>	<p>Persoon wat van Kompanjiesdiens vrygestel is en burgerregte geniet.</p>
<b>vryswarte</b>	<p>‘n Vrygestelde slaaf. Ook ‘n Oosterse setlaar, banneling of bandiet aan die vroeë Kaap.</p>

## VOORWOORD

In sy omvattende en indringende studie oor die sosiale geskiedenis van die slawegemeenskap aan die Kaap het Robert Shell onder meer tot die volgende gevolgtrekking gekom:

The slave period, 1652 to 1838, was the true gestation period of South African culture ... This [common reciprocal] legacy [of Cape slavery] was the as yet unexamined creole culture of South Africa, with its new cuisine, its new architecture, its new music, its melodious, forthright, and poetic language, Afrikaans, first expressed in Arabic script of the slaves' religion and written literature.<sup>1</sup>

Dié uitspraak het my tot nadenke gestem en 'n persoonlike verruiming van visie ten opsigte van die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis teweeggebring. Veral die frase "the as yet unexamined creole culture of South Africa" is as 'n uitdaging aan kultuurhistorici vertolk. 'n Gesprek met wyle Achmat Davids, Bo-Kaapse kenner van die taal, kultuur en godsdiens van die Kaapse Moslemgemeenskap, het die vermoede bevestig dat die slawe en hulle nageslag inderdaad 'n rol in die eiesoortige aard en atmosfeer van die Kaapse kultuur gespeel het, wat as sodanig 'n belangrike element van die breër Suid-Afrikaanse kultuur verteenwoordig. Geïnspireer deur die oortuiging dat 'n kultuurhistoriese ondersoek na die rol en impak van die slawe op die Kaapse kultuur 'n prioriteit is, is hierdie studie aangepak.

Die belangrikheid en relevansie van die onderwerp is veral daarin geleë dat die bydrae van die slawe tot die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse kultuur weens kontensieuse redes in die verlede onderskat en selfs bewustelik misken is. Vooroordeel, wantroue en onverdraagsaamheid binne 'n politieke en sosiale bestel wat sterk rasgeoriënteerd was en die verskeidenheid kultuurgroepe van mekaar geïsoleer het, het die mate waarin sekere Suid-Afrikaners die wortels van hulle kultuur objektief, eerlik en onbevange kon naspoor, gekniehalter. As kultuurhistorikus het ek besef dat dit nodig is om die dinamika van kultuur, wat die noodwendige kultuuroordrag en -verandering tussen uiteenlopende kulture binne dieselfde geografiese en sosiale milieu veronderstel, in die unieke Kaapse en Suid-Afrikaanse opset te erken en die kulturele gemeenskaplikhede wat daaruit voortgespruit het, te identifiseer en te ontgin. Die relevansie van 'n kultuurhistoriese studie oor die Kaapse slawe is juis daarin geleë dat beide die vroeë Kaapse samelewing, waarvan die slawe 'n integrale deel was, sowel as die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing deur kulturele heterogeniteit gekenmerk word. In beide gevalle is die dinamika van kultuur waardeur kulturele gemeenskaplikhede tot stand kom, ter sprake. Die doelstelling van die studie is dus om deur objektiewe kultuurhistoriese navorsing 'n redelik volledige beeld van die slawe se lewenswyse aan die vroeë Kaap te gee en die gemeenskaplike kulturele wortels, of soos Shell dit tereg gestel het: "the as yet unexamined creole culture of South Africa", wat die nalatenskap van hulle teenwoordigheid aan die Kaap was, na te speur en te ontgin.

As deel van die navorsingsbeplanning is 'n aanvanklike verkenning van die beskikbare en toepaslike inligtingsbronne gedoen, waarna die afbakening van die navorsingsonderwerp en die

<sup>1</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 415.

keuse van 'n gepaste titel gevolg het. Na deeglike oorweging is finaal op die titel *Die Kaapse slawe in kultuurhistoriese perspektief, 1652 - 1838* besluit. Terwyl die afbakening van die onderwerp duidelik in die titel gesuggereer word, is dit wel nodig om die sleutelwoorde en die betrokke datums te verklaar. In dié opsig verwys die term "Kaapse slawe" na alle slawe wat hulle binne die drie identifiseerbare kultuurstreke bevind het, naamlik Kaapstad, die Wes-Kaapse akkerboustreek en die binnelandse veeboerstreek van die Kaapkolonie soos dit tot 1838 daar uitgesien het. Die term "slawe" behels dus nie net die Maleier- of sogenaamde "Moslemslawe" nie en die studie is nie op die Kaapse Moslemgemeenskap *per se* afgestem nie. Die Kaapse Moslemgemeenskap kom wel ter sprake in soverre dit sy wortels in die Kaapse slawegemeenskap van die sewentiende tot negentiende eeu het en bepaalde unieke kulturele elemente uit die slawetyd daarin opgeneem is. Die term "slawe" sluit ook grootliks die vryswartes uit. Waar relevant, word daar wel na die vryswartes verwys in soverre hulle vrygestelde slawe was wat die hoogste doel, naamlik vryheid, bereik het en daarna as vrygestelde slawe veral deur die voortsetting van bepaalde nerings en arbeid 'n kulturele bydrae gemaak of prominent in die Kaapse gemeenskap gefigureer het. Die titel dui voorts daarop dat dit 'n *kultuurhistoriese studie* is en nie 'n sosiaal-maatskaplike, suiwer sosiale, sosiologiese, historiese, antropologiese, ekonomiese of politieke navorsingstuk nie. Alhoewel sekere van bogenoemde wel aangesny word, onderskei kultuurgeskiedenis hom van die bogenoemde dissiplines daarin dat dit die geheel, wat uit die besondere saamgestel is, bestudeer. Dit is gerig op die diepere en die algemene, eerder as die besondere en probeer dus om deur die opsporing, beskrywing en verklaring van die kenmerke uit 'n bepaalde kultuurperiode, 'n totale beeld van die mens – in hierdie geval die slawe – se lewe binne 'n bepaalde kultuurtydperk te verkry.<sup>2</sup> Kultuur is voorts 'n eenheid van gees en materie, van stoflike en onstoflike faktore en is as sodanig die lewenstyl van 'n bepaalde samelewing.<sup>3</sup> In sy wese veronderstel kultuurgeskiedenis dus die determinering van lewensvorme en skeppingsvorme en dit is waaroor dié studie gaan. Ofskoon dit wel geskiedkundige, sosiaal-maatskaplike en selfs ekonomiese raakpunte het, bly dit in wese 'n kultuurhistoriese studie waarin veral die sosio-kulturele determinant 'n belangrike rol speel. Die studie het dit nie ten doel om sosiaal-maatskaplike vraagstukke ten opsigte van Kaapse slawerny te ontleed of moreel te beoordeel nie, maar wil bloot 'n objektiewe kultuurhistoriese beeld van die slawe vanaf die vestiging van die Kaapse nedersetting in 1652 tot met hulle finale vrystelling op 1 Januarie 1838 gee en hulle bydrae tot aspekte van die inheemse Suid-Afrikaanse kultuur ontgin.

Die bepaalde kultuurperiode waarbinne die Kaapse slawe bestudeer word, strek dus van 1652 tot 1838. Hierdie tydspan maak 'n koherente kultuurhistoriese oorsig van die Kaapse slawe moontlik. Waarom is die jaartal 1652 as aanvangsdatum geneem? Alhoewel die eerste slaaf eers in 1653 by die Kaap voet aan wal gesit het, is die aanvanklike nedersettingsdatum 1652 meer toepaslik as aanvangsdatum vir Kaapse slawerny, aangesien die Nederlandse koloniseerders reeds met hulle landing aan die Kaap slaafgeoriënteerd was. Sedert 1609 het die Nederlanders slawegemeenskappe in hulle Oosterse kolonies ondersteun en in stand gehou en met hulle aankoms by die Kaap outomaties 'n regstelsel ingevoer wat in 'n groot mate op slawebesit in die Nederlandse kolonies gebaseer was.<sup>4</sup>

<sup>2</sup> J. Romein, In de Hof der Historie, pp. 118 - 199, soos aangehaal in J.C. Pretorius, Inwinning van inligting: primêre geskrewe en pikturale bronne vir die kultuurhistorikus in J.A. van Schalkwyk en J.C. Pretorius (reds.), *Navorsing in die Kultuurhistoriese Museum* I (4), 1987, p. 89.

<sup>3</sup> P.J. Bouman, *Cultuurgeschiedenis van de twintigste eeuw*, p. 12.

<sup>4</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. xxx.

In die nastrewing van die navorsingsdoelstelling was dit nodig om die onderwerp hoofstuksgewys te ontgin en wel volgens die mees logiese opsie tematies-chronologies binne die raamwerk van die slawe se koms na die Kaap, hulle vestiging, fisiese en geestelike behoeftes, lewenswyse en -vorme, arbeid en hulle bydrae tot aspekte van die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse kultuur aan te pak. Gevolglik handel Hoofstuk I oor die koms van die slawe na die Kaap waarin onder meer die historiese agtergrond, die wyses waarop slawe na die Kaap gekom het en hulle herkoms bespreek word. Hoofstuk II handel oor die vestiging van die slawe aan die Kaap en is afgestem op die eerste slawe aan die Kaap, die prosedures na aankoms, naamgewing, die plaaslike slawemark en hulle vestiging en rol binne die sosio-kulturele milieu van elk van die drie kultuurstreke. Hoofstuk III handel oor die fisiese lewensbehoefte van die Kaapse slawe, terwyl Hoofstuk IV die geestelike behoeftes en manifestasies van die slawe wat onderwys en opleiding, godsdiens, sosiale en kulturele lewensvorme, huishoudelike en amptelike dissipline sowel as vrystelling behels, ondersoek. In Hoofstuk V word slawearbeid as bousteen in die Kaapse kultuur nagevors en gepoog om die mate waarin slawe deur arbeid hulle stempel op die Kaapse lewenswyse en kultuur afgedruk het, te bepaal. Hoofstuk VI ondersoek die bydrae van die slawe tot aspekte van die tipies inheemse Suid-Afrikaanse kultuur, soos die Afrikaanse taal, die Kaapse kookkunstradisie, musiek, die inheemse Kaapse boukuns en meubelbou om uiteindelik die rol van die slawe in die sosio-kulturele dinamika van die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse kultuur te bevestig. Die laaste deel van dié hoofstuk handel oor die Kaapse Moslemgemeenskap wat by uitstek die produk van akkulturasie aan die Kaap is en wat as sodanig 'n eiesoortige identiteit verkry het wat dit van ander Moslemgemeenskappe wêreldwyd onderskei. Soos in die studie weerspieël word, is daar gepoog om alle aspekte wat op een of ander wyse 'n bydrae tot 'n breë kultuurhistoriese perspektief op die Kaapse slawe mag lewer, te ondersoek. Alhoewel dit wat ander dissiplines betref belangrik blyk te wees, is dit nie nodig geag om vir die doeleindes van hierdie studie 'n in diepte bespreking van die impak van die slawe op die Kaapse ekonomie of 'n gedetailleerde weergawe van die historiese aspekte rondom die proses van slawe-emansipasie in die negentiende eeu te gee nie. Daarbenewens sluit die onderwerp ook 'n volledige bespreking van die vryswartes *per se* uit. Dié aspekte kom wel ter sprake in soverre dit bydra tot 'n breë kultuurhistoriese perspektief ten opsigte van die Kaapse slawe.

Die navorsing oor die onderwerp is begin met 'n studie van die reeds gepubliseerde bronne oor Kaapse slawerny. Enkele van hierdie bronne was uiters waardevol en relevant vir dié bepaalde studie-onderwerp. Hier volg 'n bondige evaluering van die belangrikste en mees relevante bronne wat in die studie aangewend is.

Willem Blommaert se "Het invoeren van het slavernij aan de Kaap", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis I*, 1938, is 'n deeglike navorsingstuk oor die invoer van die eerste individuele slawe, sowel as die aankoms van die eerste twee slawebesendings per skip aan die Kaap. Alhoewel die werk hoofsaaklik op reeds gepubliseerde bronne gebaseer is en slegs die eerste tien jaar van die Kaapse slawehandel reflekteer, bly dit 'n betroubare kroniek wat histories akkuraat en korrek is. Isobel E. Edwards se werk *Towards emancipation: a study in South African slavery* (Cardiff, 1942) is van besondere belang in soverre dit 'n algemene oorsig oor slawerny, sowel as 'n uitstekende bronnelys oor die onderwerp verskaf. Inligting uit primêre bronne sowel as sekondêre bronne is knap verwerk om 'n gemaklik leesbare verhaal van Kaapse slawerny daar te stel. Alhoewel Victor de Kock se *Those in bondage* (Londen, 1950) onkrities en anekdoties in benadering is en streng wetenskaplike werkswyse soms ingeboet word deur die bronne van relevante aanhalings en feite plek-plek na te laat, bly dit een van die mees indringende verslae oor en populêre beskrywings van Kaapse slawerny in die

sewentiende en agtiende eeu wat op 'n wye reeks argivale bronne gebaseer is. Weens die oorsigtelike, beskrywende en algemene aard daarvan is dit veral van kultuurhistoriese waarde, aangesien die sosio-kulturele aspek van Kaapse slawerny belig word en die gees van dié bepaalde kultuurperiode in die boek weerspieël word. Anna J. Böeseken se *Slaves and Free Blacks at the Cape, 1658 - 1700* (Kaapstad, 1977) lewer aan die hand van veral die *Transporten en Scheepenkenntis* in die aktekantoor in Kaapstad 'n insiggewende beeld op die herkoms van slawe, sowel as van slaweverkooptransaksies aan die Kaap van 1658 tot 1700. Daarbenewens is daar aan die hand van argivale bronne, soos die Dagregisters, die Resolusies van die Politieke Raad en dokumente van die Raad van Justisie gepoog om 'n redelik volledige verslag van die slawe se lewe na hulle by die Kaap voet aan wal gesit het, te gee. Alhoewel dit nie 'n vergelykende studie is nie en slegs op die sewentiende eeu van toepassing is, bly dit nuttige inligting vir kultuurhistoriese navorsing. Die foute wat in die addendum van Kaapse slaweverkooptransaksies voorkom, is in 1984 deur Leon Hattingh in 'n artikel in die tydskrif *Kronos* 9 reggestel.<sup>5</sup>

James C. Armstrong se "Die slawe, 1652 - 1795" in Elphick en H. Giliomee (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika, 1652 - 1820* (Kaapstad, 1986) is bepaald van die hoogtepunte in die werke oor Kaapse slawerny in die Kompanjiestyd. Dit getuig van noukeurige en omvattende argivale navorsing en lewer ongetwyfeld 'n waardevolle bydrae tot 'n goeie begrip van slawerny oor 'n breë spektrum. Alhoewel byna alle fasette van Kaapse slawerny binne 'n logiese raamwerk aangeraak word en 'n redelik gekristalliseerde kultuurhistoriese beeld van Kaapse slawerny daardeur verkry word, is dit weens die omvangryke aard van die onderwerp en die eise van publikasie bondig. Richard Elphick en Robert C.-H. Shell se "Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795" in R. Elphick en H. Giliomee (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika, 1652 - 1820* (Kaapstad, 1986) is 'n indringende studie waarin slawevrystellings in die Kompanjiestyd sistematies aan die hand van vrystellingsrekords nagevors, ontleed en verklaar word, terwyl die drie "kultuurstreke" waarbinne die slawe saam met ander groepe 'n sosio-kulturele en ekonomiese rol gespeel het, ook duidelik geïdentifiseer word. Robert Ross se *Cape of Torments: slavery and resistance in South Africa* (Londen, 1983) is 'n belangrike studie oor slaweverset aan die Kaap wat oorwegend op die kriminele rekords gebaseer is. Daarbenewens word die redes vir die afwesigheid van 'n sterk slawekultuur aan die Kaap logies uiteengesit. Alhoewel die werk na subjektiwiteit neig, bly dit 'n treffende weerspieëling van die atmosfeer rondom die Kaapse slawegemeenskap.

Nigel Worden se *Slavery in Dutch South Africa* (Cambridge, 1985) is 'n deeglike sintese oor slawerny in die Kompanjiestyd met die klem op die Stellenbosch-distrik. Hierdie werk is 'n verdienstelike poging om Kaapse slawerny veral ten opsigte van arbeid en ekonomie in die akkerboustreek in vergelykbare konteks te plaas. Die redelik volledige beeld wat van die arbeid deur die akkerbouslawe gegee word, is van besondere nut vir kultuurhistoriese navorsing oor die onderwerp. Dit dek slegs die periode tot 1795.

Alhoewel John E. Mayson se "Fortunate slaves and artful masters: labour relations in the rural Cape colony during the era of emancipation, ca. 1825 to 1838" in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa: captive labour on the Dutch frontier* (Pietermaritzburg, 1994) 'n beperkte onderwerp en tydspan het, is dit 'n deeglik nagevorste studie waarin daar 'n verband tussen die goeie behandeling en toegifte soos grondbesit aan Oos-Kaapse slawe en die

<sup>5</sup> J.L. Hattingh, A.J. Böeseken se addendum van Kaapse slaweverkooptransaksies: foute en regstellings, *Kronos* 9, 1984.

mag en beheer van eenaars oor hulle slawe getrek word. Dit werp in die proses ook lig op die lewe en omstandighede van 'n deel van die binnelandse slawe. Robert C.-H. Shell se "Tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape 1652 - 1834" in *Slavery in South Africa: captive labour on the Dutch frontier* is 'n volledige statistiese oorsig van die oorsese slawehandel aan die Kaap van 1658 - 1808 en 'n gedetailleerde weergawe van die unieke poliglote Kaapse samelewing van 1652 tot 1834 en hoe dít, sowel as die huishoudelike aard van slawerny 'n rol in die kreolisering van veral die taal en die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het. Alhoewel die klem in dié opsig meer op die sosiale aspek van taalakkulturasie binne 'n poliglote samelewing val en die proses van taalkreolisering op sigself nie bespreek word nie, is dié sosio-kulturele ondersoek nogtans kultuurhistories relevant.

R.C.-H. Shell se *Children of bondage* (Johannesburg, 1994) is 'n sosiale geskiedenis van die slawegemeenskap aan die Kaap van 1652 tot 1838. Hierdie monumentale, omvangryke, ontledende en wetenskaplik deeglik nagevorste werk is 'n koherente oorsig van Kaapse slawerny van die begin van die nedersetting tot die amptelike en finale vrystelling van alle slawe op 1 Januarie 1838 waarin die dinamika en verandering van sosiale patrone binne die Kaapse slawegemeenskap ontleed en verklaar word. Kultuurhistoriese aspekte, soos wedersydse kultuurbeïnvloeding in 'n multi-kulturele samelewing en veral tussen kolonis en slaaf binne die intieme sfeer van die Kaapse huishouding, word aangeroer en veral klem op die verband tussen slawe in die huishouding, die Afrikaanse taal en die inheemse kooktradisie geplaas. Weens die omvang van die onderwerp was 'n indringende bespreking van die bepaalde aspekte waarskynlik nie moontlik nie. Alhoewel dit meer bepaald op die sosiale impak van Kaapse slawerny afgestem is en die kultuurhistoriese as 'n toevallige gevolg benader word, lewer hierdie werk 'n besondere bydrae om die visie van beide sosioloë en kultuurhistorici te verbreed en dien dit as grondslag en motivering vir laasgenoemde om die kultuurhistoriese braakland van Kaapse slawerny te ontgin. Die deeglike en omvattende bibliografie aan die einde van die boek is besonder nuttig vir enige navorsing oor die Kaapse slawe. Hierdie boek is ongetwyfeld 'n belangrike baken in die historiografie oor Kaapse slawerny.

Die gepubliseerde en ongepubliseerde werke van Achmat Davids is betroubare en nuttige bronne vir die bestudering van die Kaapse slawe sowel as die taal, godsdiens en kultuur van die Kaapse Moslemgemeenskap, terwyl dit ook 'n relevante en insiggewende perspektief op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gee. Alhoewel die boek *The mosques of Bo-Kaap* (Athlone, 1980) die ontstaangeskiedenis van Islam en die vroegste moskees aan die Kaap behels, bied dit daarbenewens 'n insiggewende kultuurhistoriese beeld van die vroeë Kaapse Moslemgemeenskap wat oorwegend uit slawe en vryswartes saamgestel was en in wie se lewe die moskee so 'n belangrike sosio-kulturele en religieuse rol gespeel het. Die taalkundige bydraes van Davids, soos "The role of Afrikaans in the history of the Cape Muslim community" in H. en T. du Plessis (reds.), *Afrikaans en Taalpolitiek: 15 opstelle* (Pretoria, 1987) en "Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans" in P. Hartevelt (red.), *Lexikos 2* (Stellenbosch, 1992) fokus op die rol van Afrikaans in die religieuse en politieke geskiedenis van die Kaapse Moslemgemeenskap en die dialek Kaapse Moslemafrikaans wat hieruit voortgevloei het. In "Afrikaans – die produk van akkulturasie" in G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt* (Halfweghuis, 1994) word die kreolisering ten opsigte van Afrikaans as 'n akkulturasieprodukt objektief en sinvol beredeneer. Navorsing in verband met bogenoemde temas is onder meer in wetenskaplike tydskrifte soos *Kronos*, *Newsletter Boorhaanol Islam Recreational Movement* en die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* gepubliseer. Ongepubliseerde werke sluit

voorts Davids se M.A.-verhandeling *The Afrikaans of the Cape Muslims from 1815 to 1915* (Universiteit van Natal, 1991) sowel as die lesings en voordragte oor die kultuur van die Kaapse Moslems vir IDASA, Voice of the Cape Radio en die Iqrah Komitee van die Suid-Afrikaanse Moslem Studentevereniging in.

Bepaalde doktorsale proefskrifte verskaf op 'n direkte en indirekte wyse waardevolle kultuurhistoriese inligting oor die Kaapse slawe. In die proefskrif van D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman: a survey of slavery at the Cape of Good Hope under the Dutch East India Company 1652 - 1795* (Universiteit van Maryland, 1987) word as vertrekpunt die historiese, politieke en ekonomiese agtergrond en aanloop tot die vestiging van slawerny aan die Kaap sinvol en chronologies uiteengesit. Daarbenewens belig die studie op 'n wetenskaplik verantwoordbare en sinvolle wyse oor 'n breë spektrum aspekte van die verskeie slawegroepes se bestaan binne die onderskeie kultuurmilieus. Die proefskrif van S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur binne die Heilige Sirkel aan die Kaap tot 1950* (Universiteit van Pretoria, 1992) is primêr 'n indringende ondersoek na die Kaapse moskee as tipe, maar bied ook bykomend – in noukeurige en gedetailleerde tabelvorm – waardevolle inligting en afleidings oor die oorsprong en getalle van die Kaapse slawe, wat as nuttige grondslag en agtergrond vir enige vorm van navorsing oor Kaapse slawerny kan dien. Insiggewend is voorts die ondersoek van die religieuse instellings van beide Europeërs en Oosterlinge aan die Kaap, die bepaling van die afkoms van al die eerste Kaapse Moslems, die beligting van die vestiging van Islam aan die Kaap en sinvolle uiteensetting van die rol wat dié godsdien in die vervulling van die geestelike behoeftes van onder meer die sosiaal-, kultureel- en godsdienverstoekte Kaapse slaaf gespeel het.

Terwyl voorafgaande bronne hoofsaaklik die historiese, sosiale, ekonomiese, maatskaplike en religieuse aspekte van Kaapse slawerny behels, is daar gepoog om in dié studie 'n kultuurhistoriese perspektief daar te stel, om die geheel wat uit die besonderhede saamgestel is te vind, die kenmerkende uit dié bepaalde kultuurtydperk op te spoor en 'n onderlinge verband tussen bepaalde fasette soos die daaglikse lewe, arbeid en kultuur te trek. Daar is gepoog om 'n antwoord te vind op die vraag wat die kultuurhistorikus moet beantwoord, naamlik: Hoe het die mens binne 'n bepaalde tydperk gelewe en wat was die impak daarvan op die kultuur? Onderdele soos geskiedenis, godsdien, onderwys, sosiale patrone, regspleging en wetstoepassing, ekonomie, arbeid, ensovoorts, is bestudeer, nie ter wille van hulle self nie maar om die onderlinge verband en die breër kultuurhistoriese beeld van die Kaapse slawe daar te stel.

Aangesien kultuurgeskiedenis in 'n groot mate 'n gedrenktheid in die verlede as bestaansvoorwaarde het, is met groot vrag van primêre bronne, soos egodokumente, pikturale en verbale bronne, sowel as amptelike gepubliseerde en ongepubliseerde dokumente, soos argiefstukke, gebruik gemaak.

Vir getuieis oor die mens in die verlede, veral wat sy lewenswyse en skeppinge betref, is egodokumente 'n essensiële en onvervangbare bron en dus van onskatbare waarde tydens kultuurhistoriese navorsing. As ooggetuieverslae is dit van die boeiendste historiese leesstof wat bestaan. Skrywers van egodokumente is besonder geslaagd in die tipering van die tydsgees en kulturele klimaat van 'n bepaalde tydperk. Vir die kultuurhistorikus is dit wat die outeur van homself in die egodokument kwytraak ondergeskik aan die agtergrond en historiese konteks wat hy deur sy pen soms toevallig laat deurskemer. Aangesien daar op een uitsondering na geen egodokumente deur slawe self opgespoor kon word nie, is daar vir die

doeleindes van die studie in 'n groot mate op die reis- en verblyfbeskrywings van ander persone binne die Kaapse slawetyd staatgemaak. Reisbeskrywings het besondere kultuurhistoriese waarde, aangesien reisigers geneig is om die dinge wat vir hulle interessant is, veral met betrekking tot die lewenswyse, kleredrag, eetgewoontes en geaardheid van die inwoners, op te teken. Vir die kultuurhistorikus wie se uitgangspunt die mens se lewe in sy verskeidenheid is, is reis- en verblyfbeskrywings van besondere waarde, aangesien terloopse verwysings na gewoontes en gebruike juis die gegewens is waarna die kultuurhistorikus op soek is. Waardevolle inligting oor die Kaapse slawe is inderdaad na 'n tydrowende, veeleisende dog lonende soektog opgespoor en krities geëvalueer. Weens die kwessie van objektiwiteit wat by reisbeskrywings ter sprake is, moes die juistheid van die feite en bewerings getoets word. Nadat die getuienis in reisbeskrywings van reisigers en besoekers van uiteenlopende herkoms en belangstelling uit ongeveer dieselfde tyd met mekaar vergelyk is, is bevind dat ten spyte van groot verskille in die nasionaliteit en maatskaplike stand van die onderskeie skrywers, daar nogtans merkwaardige ooreenkomste bestaan (John Barrow, lady Anne Barnard, Robert Semple, Robert Percival en Cornelius de Jong). Daarbenewens moes die onderskeie skrywers se bekwaamheid, kundigheid, taalvaardigheid, gebalanseerdheid, sedelike peil, mate van vooroordeel (Barrow), liggelowigheid (Peter Kolbe), ydelheid en sin vir die dramatiese (Francois le Vaillant) onderskei en ge-evalueer word. Daar moes voorts vasgestel word of die reisindrukke kort na die reis of eers later opgeteken is, of die werk deur die uitgewer of die outeur self uitgegee is, terwyl die tydperk waarbinne die reisbeskrywing opgestel is ook in ag geneem is, aangesien sienings noodwendig daardeur beïnvloed word. In dié verband het meer as een besoeker en reisiger aan die Kaap hulle in die agtiende en negentiende eeu teen slawerny uitgespreek (De Jong, Anders Sparrman, Semple, William Burchell en John Campbell). Vir die doel van hierdie studie, was reisbeskrywings ongetwyfeld van groot nut.

Naas die egodokumente, het pikturale bronne, in die vorm van Africana-prente van skilderye, tekeninge en grafiese reproduksies, geografiese kaarte, sowel as dorps- en huisplanne, 'n onmisbare rol gespeel in die rekonstruksie van die slawe se daaglikse lewe aan die Kaap, terwyl dit ook die impak wat die slawe op die Kaapse kultuur gehad het, weerspieël. Uit hierdie tydgenootlike visuele uitbeeldings, wat dikwels 'n doeltreffender, noukeuriger en meer realistiese uitbeelding as 'n beskrywing is, is waardevolle kultuurhistoriese data afgelei met betrekking tot die slawe se voorkoms, kleredrag, sosiale bedrywighede, arbeidsaktiwiteite sowel as die milieu waarbinne hulle hulle bevind het. Aangesien kultuurhistoriese besonderhede dikwels deur die amateurkunstenaar die getrouste weergegee word, gaan dit nie soseer oor die estetiese waarde van die voorstellings nie, maar oor die getroue weergawe van dieselfde historiese werklikheid as waaroor die geskrewe bron, byvoorbeeld die reis- of verblyfbeskrywing verslag doen en die kultuurhistoriese impak wat die kunswerk het. In baie gevalle soos by Francois Valentyn, Peter Kolbe, Abraham Bogaert, William Burchell en lady Anne Barnard is dit deel van die reisbeskrywing en dien as pikturale bevestiging en staving van geskrewe waarnemings wat inderdaad die waarde van die egodokumente verhoog. Sonder sekere professionele en amateurkunstenaars, soos lady Anne Barnard, H.C. de Meillon, sir Charles D'Oyly, William Webb Smith en J.C. Poortermans, wat hulle waarnemings so realisties weergegee en as sodanig 'n belangrike stukkie kultuurgeskiedenis oor die Kaapse slawetyd met die pen en kwas geskryf het, is 'n volledige kultuurhistoriese perspektief op die Kaapse slawe nie moontlik nie. Pikturale bronne is nie minder betroubaar as geskrewe bronne nie en neem in dié studie as primêre bronne dieselfde belangrike plek as reisbeskrywings in. Geografiese kaarte en planne is as pikturale bronne gebruik om die geografiese milieu waarbinne die lewe van die stedelike sowel as die plaasslaaf afgespeel het, te belig, terwyl



foto's die impak van die slaaf op bepaalde aspekte van die Suid-Afrikaanse kultuur, soos die bou- en meubelboukuns, bevestig.

Gepubliseerde en ongepubliseerde amptelike dokumente bied 'n nuttige historiese raamwerk van die slawetyd en is daarom ook as navorsingsmateriaal ontgin. In dié opsig het gepubliseerde argivale bronne soos *Resolusies van die Politieke Raad*, die *Memoriën en Instructiën*, die *Kaapse Plakkaatboeke*, die *Nederlandsch-Indisch Plakkaatboeke*, inkomende en uitgaande briewe, joernale, dagregisters, die *Requesten* en rekords van die Kaapkolonie deurgaans nuttig te pas gekom. Ongepubliseerde argivale bronne wat in die navorsing aangewend is, is onder meer dokumentasie van die Slawekantoor (1816 - 1825), waaronder die *Slaweregister* (SO), wat van groot waarde was, veral ten opsigte van die navorsing oor slawearbeid, die kriminele rekords van die Raad van Justisie (CJ), dokumentasie van die Politieke Raad (C), soos die Statute van Indië, Verbatim kopieë (VC), argivale materiaal van die Weeskamer (MOOC), soos boedelinventarisse en *vendurollen*, sowel as dokumentasie van die Landdros en Heemrade van Stellenbosch (1/STB). Waar relevant, is die ongepubliseerde amptelike dokumentasie nuttig aangewend, terwyl dit ook 'n rol as historiese verwysings-raamwerk gespeel het.

In die ontginning van die slaaf se bydrae tot bepaalde aspekte van die Suid-Afrikaanse kultuur, soos die taal, musiek, eetkultuur, bou- en meubelboukuns, het sekondêre verbale bronne in die vorm van persoonlike mededelings en volksliedere 'n belangrike rol gespeel.

Elke navorsingsprojek het sy eie probleme. Afgesien van bepaalde logistieke probleme, wat nie hier ter sprake is nie, moes die outeur deur 'n eerlike en objektiewe benadering die vertroue wen van bepaalde persone wat oor broodnodige en relevante kennis van die onderwerp beskik het. Na 'n aanvanklike gesloer het dit uiteindelik vrugte afgewerp. Die kwessie van die betroubaarheid van egodokumente het vereis dat die bronne binne 'n bepaalde tyd teenoor mekaar getoets moes word wat tydrowend en veeleisend, maar tog die die moeite werd was. Tydens die navorsingsbeplanning is veral met 'n sinvolle sistematiese indeling van bepaalde temas in die studie geworstel. Daar moes bepaal word of die fisiese en geestelike lewensbehoefte, -wyse en -vorme sowel as die arbeid van die slawe, volgens plek (streek) of onderwerp chronologies georden moes word en hoe die hoofstukindeling daar moes uitsien. Uiteindelik is die mees logiese en praktiese weg gevolg deur hierdie temas volgens die onderwerp streeksgewys te ontgin. Hierdeur sou 'n relatief geordende, volledige en afgeronde kultuurhistoriese beeld moontlik wees. Alhoewel oorvleueling en herhaling soms voorkom, was dit tog vanuit 'n kultuurhistoriese oogpunt die mees logiese opsie waarbinne Hoofstukke III, IV en V beslag gekry het.

Dit is hier nodig om die gebruik van bepaalde terme te verklaar. Uit respek vir die siening dat die woord "Hottentot(te)" in die verlede as etniese benaming in vernederende en verkleinerende konteks en selfs kwetsend as skeldnaam gebruik is en as sodanig aanstoot gee, is daar van die meer aanvaarbare en historiese sowel as politieke korrekte term "Khoikhoi" gebruik gemaak. Daarbenewens word die term "Maleierslawe" gebruik, aangesien dit as generiese term vir slawe afkomstig van die Indonesiese Argipel binne historiese verband algemeen erken word. Die term "Moslemslawe" is binne historiese verband minder algemeen bekend en word in dié studie slegs gebruik wanneer daar pertinent van slawe wat die Moslemgeloof aan die Kaap beoefen het, sprake is.

Hiermee wil die outeur dank betuig aan alle persone wat – op welke wyse ookal – positief by die projek betrokke was. Die volgende persone en instansies verdien vermelding:

Professor Cobus Ferreira, studieleier van die projek, vir sy vertroue in my sowel as die onderwerp, vir sy sensitiewe, weldeurdagte en toegewyde leiding, ondersteuning en hulp, asook vir die bekwame wyse waarop hy as touleier hierdie wa langs onbekende weë en deur soms moeilike driwwe veilig na sy bestemming gelei het;

Wyle Achmat Davids, Bo-Kaapse skrywer en kenner van die taal en kultuur van die Kaapse Moslemgemeenskap, wat my visie en entoesiasme vir die saak gedeel het en bereid was om, ten spyte van 'n druk program en swak gesondheid, sy grondige kennis met my te deel, waardevolle bronne en inligting beskikbaar te stel en aanbevelings te maak. Sy ondersteuning word opreg waardeur en eer aan sy nagedagtenis gebring;

Die personeel van die Kaapse Argiefbewaarplek, in besonder Shirvelda George; die personeel van die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad, veral Karel Schoeman, Melanie Geustyn, André le Roux en Wessel de Kock; Sue Ogterop van die Biblioteek vir Afrika-studies van die Universiteit van Kaapstad; Maryke Jooste van die Parlementsbiblioteek, Kaapstad, wie se deurlopende, onbaatsugtige, en bekwame hulp die navorsing vergemaklik en bespoedig het; Alet Olwage van die Hermanus Biblioteek wat behulpsaam was met die opspoor en verkryging van bronne;

Kelita Visser vir 'n knap koerier- en ondersteuningsdiens ten tye van die studie;

Elize Scheun vir haar onvermoeide ywer en die knap, akkurate en bekwame wyse waarop sy die manuskrip getik het;

My geduldige en verdraagsame gesin vir hulle begrip, opofferings en meeleving met die projek. Spesiale dank aan my eggenoot Kobus vir sy lojale en positiewe bemoeienis met die studie, sy motivering, morele onderskraging, direkte hulp sowel as sy deurlopende ondersteuning op vele terreine wat in 'n groot mate deurslaggewend in die voltooiing van die studie was.